
sy verjaarsdag

Die Verenigde Volke het 18 Julie as Internasionale Nelson Mandela-dag verklaar om die lewe en prestasies van hierdie leier te vier. Elkeen word aangemoedig om elke jaar op dié dag 67 minute te spandeer en ander te help as 'n herdenking van die 67 jaar wat Mandela gegee het aan die stryd vir sosiale geregtigheid.




Die Nelson Mandela-kinderfonds is in 1995 tot stand gebring. Dis 'n organisasie wat befondsing en ontwikkeling bevorder sodat die lewe van kinders en jongmense verbeter kan word. Hulle doel is om die manier te verander waarop die samelewing kinders en jongmense behandel. Jongmense word aangemoedig om deel te hê aan hul eie opheffing en ook dié van hul gemeenskappe.




Cecil John Rhodes

Die Mandela Rhodes-stigting is 'n vennootskap tussen die Rhodes Trust en Nelson Mandela. Die stigting dra by tot leierskapontwikkeling in Afrika deur geleenthede vir tersiêre opleiding aan jongmense met leierskappotensiaal te verskaf.



**DIE MANDELA RHODES-STIGTING**